- (2) [SAID] Die Kommissaris kan die wyse van betaling van belasting, ingesluit elektronies, deur openbare kennisgewing voorskryf.”.

Wysiging van artikel 164 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 58 van Wet 39 van 2013 10

50. (1) Artikel 164 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(3) ’n Senior SAID-amptenaar kan betaling van die belasting wat betwis word of ’n gedeelte daarvan opskort, na inagneming van tersaaklike faktore, insluitend— 15
- (a) of die invordering van die belasting wat betwis word in gevaar sal wees of daar ’n risiko van verkwisting van bates sal wees;
- (b) die nakomingsgeskiedenis van die belastingpligtige by SAID;
- (c) of bedrog *prima facie* by die ontstaan van die geskil betrokke is;
- (d) of betaling ’n onherstelbare finansiële ontbering vir die belastingpligtige tot gevolg sal hê, wat nie regverdig word deur die nadeel vir SAID of die *fiscus* indien die belasting wat betwis word nie betaal of gevorder word nie; of 20
- (e) of die belastingpligtige voldoende sekuriteit verskaf het vir die betaling van die belasting wat betwis word en aanvaar word dat dit in die belang van SAID of die *fiscus* is.”. 25
- (2) Subartikel (1) tree op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking.

Vervanging van artikel 184 van Wet 28 van 2011

51. (1) Artikel 184 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Invordering van belastingskulde vanaf [verantwoordelike derde party] ander persone 30

184. (1) SAID het dieselfde bevoegdhede van invordering teenoor die bates van ’n persoon [bedoel in hierdie Deel] wat persoonlik aanspreeklik is kragtens artikel 155, 157 of hierdie Deel as wat SAID teenoor die bates van die belastingpligtige het en die persoon het dieselfde regte en regsmiddels as wat die belastingpligtige teen sodanige invorderingsbevoegdhede het. 35

- (2) SAID moet ’n [verantwoordelike derde party] persoon in subartikel (1) bedoel ’n geleentheid bied vir vertoë—
- (a) voordat die [verantwoordelike derde party] persoon ingevolge artikel 155, 157, 179, 180, 181, 182 of 183 aanspreeklik gehou word vir die belastingskuld van die belastingpligtige, indien dit nie die invordering van belasting aan risiko’s sal onderwerp nie; of 40
- (b) so gou as prakties moontlik na die [verantwoordelike derde party] persoon ingevolge artikel 155, 157, 179, 180, 181, 182 of 183 vir die belastingskuld van die belastingpligtige aanspreeklik gehou word.”. 45

(2) Subartikel (1) tree op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking.

Wysiging van artikel 187 van Wet 28 van 2011

52. (1) Artikel 187 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 50

“(2) Rente betaalbaar kragtens ’n Belastingwet word bereken op—

- (a) die daaglikse saldo verskuldig; of

- (b) the daily balance owing and compounded monthly, which method of determining interest will apply to a tax type from the date the Commissioner prescribes it by public notice.”.

(2) Subsection (1) comes into operation on a date determined by the Minister of Finance by notice in the *Gazette*.

Amendment of section 190 of Act 28 of 2011, as amended by section 71 of Act 39 of 2013

53. Section 190 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) A person is entitled to a refund under subsection (1) only if the refund is claimed by the person in the case of—

- (a) an assessment by SARS, within three years from the date of the assessment; or
(b) self-assessment, within five years from the date the return had to be submitted or, if no return is required, payment had to be made in terms of the relevant tax Act.”.

Substitution of section 194 of Act 28 of 2011

54. The following section is hereby substituted for section 194 of the Tax Administration Act, 2011:

“Application of Chapter

194. Parts C and D of this Chapter apply only in respect of a tax debt owed by a ‘debtor’ if the liability to pay the tax debt is not disputed by the ‘debtor’.”.

Amendment of section 195 of Act 28 of 2011

55. Section 195 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) A senior SARS official may decide to temporarily ‘write off’ an amount of tax debt—

- (a) if satisfied that the tax debt is uneconomical to pursue as described in section 196 at that time; or
(b) for the duration of the period that the ‘debtor’ is subject to business rescue proceedings under Chapter 6 of the ‘Companies Act’, as referred to in section 132 of that Act.”.

Amendment of section 207 of Act 28 of 2011

56. Section 207 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraphs (b) and (c) of the following paragraphs, respectively:

- “(b) be submitted [by the end of the month] within 60 business days following the end of the fiscal year; and
(c) contain details of the number of tax debts ‘written off’ or ‘compromised’[, and the amount of revenue forgone, [and the estimated amount of savings in costs of recovery,] which must be reflected in respect of main classes of taxpayers or sections of the public.”.

Amendment of section 208 of Act 28 of 2011

57. Section 208 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for the definition of “ ‘administrative non-compliance penalty’ or ‘penalty’ ” of the following definition:

“ ‘administrative non-compliance penalty’ or ‘penalty’ means a “penalty” imposed by SARS in accordance with this Chapter or a tax Act other than this Act, and excludes an understatement penalty referred to in Chapter 16;”.

- (b) die daaglikse saldo verskuldig en maandeliks saamgestel, welke metode om rente te bepaal van toepassing sal wees op 'n belastingtipe vanaf die datum dat die Kommissaris dit by openbare kennisgewing voorskryf.”.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

5

Wysiging van artikel 190 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 71 van Wet 39 van 2013

53. Artikel 190 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(4) 'n Persoon is slegs geregtig op 'n terugbetaling kragtens subartikel (1) indien die terugbetaling deur die persoon geëis word, in die geval van—
- (a) 'n aanslag deur SAID, binne drie jaar vanaf die datum van die aanslag; of
- (b) selfaanslag, binne vyf jaar vanaf die datum waarop die opgawe ingedien moes word of, indien geen opgawe vereis word nie, betaling ingevolge die toepaslike Belastingwet gemaak moes word.”.

10

15

Vervanging van artikel 194 van Wet 28 van 2011

54. Artikel 194 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toepassing van Hoofstuk

194. Dele C en D van hierdie Hoofstuk is slegs van toepassing ten opsigte van 'n belastingskuld verskuldig deur 'n 'skuldenaar' indien die aanspreeklikheid om die belastingskuld te betaal nie deur die 'skuldenaar' betwis word nie.”.

20

Wysiging van artikel 195 van Wet 28 van 2011

55. Artikel 195 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) 'n Senior SAID-amptenaar kan besluit om 'n bedrag belastingskuld tydelik ‘af te skryf’—
- (a) indien oortuig dat die invordering van die belastingskuld op daardie tydstip onekonomies is om voort te sit soos in artikel 196 beskryf; of
- (b) vir die duur van die tydperk waartydens die ‘skuldenaar’ onderworpe is aan ondernemingreddingsverrigtinge kragtens Hoofstuk 6 van die ‘Maatskappywet’, soos in artikel 132 van daardie Wet bedoel.”.

30

Wysiging van artikel 207 van Wet 28 van 2011

56. Artikel 207 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragrawe (b) en (c) deur die volgende paragrawe te vervang:

- “(b) voorgelê moet word **[teen die einde van die maand wat volg op] binne 60 besigheidsdae na** die einde van die fiskale jaar; en
- (c) besonderhede moet bevat van die getal belastingskulde ‘afgeskryf’ of ‘toegegee’[, en die bedrag aan inkomste verbeur **[en die beraamde bedrag van besparing in koste van invordering]** wat aangetoon moet word ten opsigte van hoofklasse belastingpligtiges of gedeeltes van die publiek.”.

40

Wysiging van artikel 208 van Wet 28 van 2011

57. Artikel 208 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die omskrywing van “administratiewe nienakomingsboete” deur die volgende omskrywing te vervang:

“‘**administratiewe nienakomingsboete**’ of ‘**boete**’ **[beteken]** 'n 'boete' ingevolge hierdie Hoofstuk of 'n ander Belastingwet as hierdie Wet deur SAID opgelê, **[en dit sluit]** maar nie ook 'n onderstellingsboete **[na verwys]** **bedoel** in Hoofstuk 16 **[uit] nie;**”.

50

Amendment of section 215 of Act 28 of 2011

58. Section 215 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(5) If a tax Act other than this Act provides for remittance grounds for a ‘penalty’, SARS may despite the provisions of section 216, 217 or 218 remit the ‘penalty’ or a portion thereof under such grounds.”. 5

Amendment of section 235 of Act 28 of 2011

59. Section 235 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for the heading of the following heading:

“**[Criminal offences relating to evasion] Evasion of tax and obtaining undue refunds by fraud or theft**”. 10

Amendment of section 240 of Act 28 of 2011, as amended by section 82 of Act 21 of 2012 and section 81 of Act 39 of 2013

60. Section 240 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph (a) of the following words: 15

“A person may not register as a tax practitioner under subsection (1) or SARS may deregister a registered tax practitioner if the person or the registered tax practitioner, as the case may be—”;

(b) by the deletion in subsection (3) of the word “or” at the end of paragraph (a), insertion of that word at the end of paragraph (b) and addition of the following paragraph: 20

“(c) during the preceding five years has been convicted of a serious tax offence.”; and

(c) by the addition of the following subsection: 25

“(4) If prosecution for a serious tax offence has been instituted but not finalised against a person or registered tax practitioner and if the person or registered tax practitioner continues with the commission of a serious tax offence after the criminal proceedings have been instituted, a senior SARS official may— 30

(a) not register the person as a registered tax practitioner; or

(b) suspend the registration of the registered tax practitioner, for the duration of the criminal proceedings commencing on the date that prosecution is instituted and ending on the date that the person or registered tax practitioner is finally acquitted.”. 35

Amendment of section 240A of Act 28 of 2011, as amended by section 83 of Act 21 of 2002 and section 82 of Act 39 of 2013

61. (1) Section 240A of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection: 40

“(3) A body must within the prescribed time period and in the prescribed form and manner, if recognised under—

(a) subsection (1), submit a list of its members to whom the provisions under section 240(1) apply; and

(b) subsection (2), submit a report on its members and compliance with this Chapter.”. 45

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 20 December 2012.

Wysiging van artikel 215 van Wet 28 van 2011

58. Artikel 215 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(5) Indien ’n ander Belastingwet as hierdie Wet voorsiening maak vir kwytskeldingsgronde vir ’n ‘boete’ kan SAID, ondanks die bepalings van artikel 216, 217 of 218, die ‘boete’ of ’n gedeelte daarvan op sodanige gronde kwytskeld.”.

Wysiging van artikel 235 van Wet 28 van 2011

59. Artikel 235 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**[Strafregtelike misdrywe betreffende belastingvermyding] Ontduiking van belasting en verkryging van onregmatige terugbetalings by wyse van bedrog of diefstal**”.

Wysiging van artikel 240 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 82 van Wet 21 van 2012 en artikel 81 van Wet 39 van 2013

60. Artikel 240 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—
(a) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“ ’n Persoon mag nie kragtens subartikel (1) as ’n belastingpraktisyn registreer nie of SAID mag ’n geregisteerde belastingpraktisyn deregistreer, indien die persoon of die geregisteerde belastingpraktisyn, na gelang van die geval—”;

(b) deur in subartikel (3) die woord “of” aan die einde van paragraaf (a) te skrap, daardie woord aan die einde van paragraaf (b) in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:

“(c) gedurende die voorafgaande vyf jaar aan ’n ernstige belasting-oortreding skuldig bevind is.”; en

(c) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(4) Indien strafregtelike verrigtinge vir ’n ernstige belasting-oortreding teen ’n persoon of geregisteerde belastingpraktisyn ingestel is maar nog nie gefinaliseer is nie, en indien die persoon of geregisteerde belastingpraktisyn aanhou met die pleeg van ’n ernstige belasting-oortreding nadat die strafregtelike verrigtinge ingestel is, mag ’n senior SAID-beampte—

(a) nie die persoon as ’n geregisteerde belastingpraktisyn registreer nie; of

(b) die registrasie van die persoon as ’n geregisteerde belastingpraktisyn opskort, vir die duur van die strafregtelike verrigtinge met ingang van die datum wat die vervolging ingestel word en eindigend op die datum waarop die persoon of geregisteerde belastingpraktisyn finaal vrygespreek word.”.

Wysiging van artikel 240A van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 83 van Wet 21 van 2002 en artikel 82 van Wet 39 van 2013

61. (1) Artikel 240A van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) ’n Liggaam moet binne die voorgeskrewe tydperk en in die voorgeskrewe vorm en wyse, indien ingevolge—

(a) subartikel (1) erken, ’n lys van sy lede waarop die bepalings kragtens artikel 240(1) van toepassing is, verskaf; en

(b) subartikel (2) erken, ’n verslag aangaande die liggaam se lede en nakoming van hierdie Hoofstuk verskaf.”.

(2) Subartikel (1) word geag op 20 Desember 2012 in werking te getree het.

Amendment of section 248 of Act 28 of 2011

62. (1) Section 248 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

“Public officer in event of liquidation [or], winding-up or business rescue”; and

(b) by the renumbering of the existing wording to subsection (1) and the addition of the following subsection:

“(2) In the event of a company referred to in section 246(1) being subject to a business rescue plan referred to in Part D of Chapter 6 of the ‘Companies Act’, the business rescue practitioner as defined in that Chapter is required to exercise, in respect of the company, all the functions and assume all the responsibilities of a public officer under a tax Act for the period that the company is subject to the business rescue plan.”.

(2) Subsection (1) comes into operation on the date of promulgation of this Act.

Amendment of section 255 of Act 28 of 2011, as amended by section 88 of Act 21 of 2012

63. Section 255 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) SARS may, in the case of a return or other document submitted in electronic format, accept an electronic or digital signature of a person as a valid signature for purposes of a tax Act if a signature is required.”.

Substitution of section 256 of Act 28 of 2011, as substituted by section 89 of Act 21 of 2012

64. (1) The following section is hereby substituted for section 256 of the Tax Administration Act, 2011:

“Tax compliance status

256. (1) A taxpayer may apply, in the prescribed form and manner, to SARS for a confirmation of the taxpayer’s tax compliance status.

(2) SARS must issue or decline to issue the confirmation of the taxpayer’s tax compliance status within 21 business days from the date the application is submitted or such longer period as may reasonably be required if a senior SARS official is satisfied that the confirmation of the taxpayer’s tax compliance status may prejudice the efficient and effective collection of revenue.

(3) A senior SARS official may provide a taxpayer with confirmation of the taxpayer’s tax compliance status as compliant only if satisfied that the taxpayer is registered for tax and does not have any—

(a) outstanding tax debt, excluding a tax debt contemplated in section 167 or 204 or a tax debt that has been suspended under section 164 or does not exceed the amount referred to in section 169(4); or

(b) outstanding return unless an arrangement acceptable to the SARS official has been made for the submission of the return.

(4) A confirmation of tax compliance status must be in the prescribed format and include at least—

(a) the original date of issue of the tax compliance status confirmation to the taxpayer;

(b) the name, taxpayer reference number and identity number or company registration number of the taxpayer;

(c) the date of the confirmation of the tax compliance status of the taxpayer to an organ of state or a person referred to in subsection (5); and

Wysiging van artikel 248 van Wet 28 van 2011

62. (1) Artikel 248 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“Openbare amptenaar in geval van likwidasië [of], beëindiging of ondernemingredding”; en

(b) deur die bestaande woorde tot subartikel (1) te hernoem en die volgende subartikel by te voeg:

“(2) In die geval waar ’n maatskappy in artikel 246(1) bedoel onderhewig is aan ’n ondernemingreddingsplan bedoel in Deel D van Hoofstuk 6 van die ‘Maatskappywet’, word van die ondernemingreddingspraktisyn soos in daardie Hoofstuk omskryf, vereis om, ten opsigte van die maatskappy, al die funksies te vervul en al die verantwoordelikhede te aanvaar van ’n openbare amptenaar kragtens ’n Belastingwet vir die tydperk waartydens die maatskappy aan die ondernemingreddingsplan onderhewig is.”.

(2) Subartikel (1) tree op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking.

Wysiging van artikel 255 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 88 van Wet 21 van 2012

63. Artikel 255 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) SAID kan, in die geval van ’n opgawe of ander dokument in elektroniese formaat ingedien, ’n elektroniese of digitale handtekening van ’n persoon as ’n geldige handtekening vir die doeleindes van ’n Belastingwet aanvaar, indien ’n handtekening vereis word.”.

Vervanging van artikel 256 van Wet 28 van 2011, soos vervang deur artikel 89 van Wet 21 van 2012

64. (1) Artikel 256 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende subartikel vervang:

“Belastingnakomingstatus

256. (1) ’n Belastingpligtige kan, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, by SAID aansoek doen om bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus.

(2) SAID moet die bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus binne 21 besigheidsdae vanaf die datum waarop die aansoek ingedien is of sodanige langer tydperk as wat redelikerwys benodig mag word indien ’n senior SAID-amptenaar oortuig is dat die bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus die effektiewe en doeltreffende invordering van belasting sal verhinder, uitreik of weier om dit uit te reik.

(3) ’n Senior SAID-amptenaar kan ’n belastingpligtige van bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus as nakomend voorsien slegs indien oortuig dat die belastingpligtige vir belasting geregistreer is en nie enige—

(a) uitstaande belastingskuld het nie, uitgesluit ’n belastingskuld in artikel 167 of 204 beoog, of ’n belastingskuld wat kragtens artikel 164 opgeskort is, of nie die bedrag bedoel in artikel 169(4) oorskry nie; of

(b) uitstaande opgawe het nie, tensy ’n reëling wat vir die SAID-beampte aanvaarbaar is vir die indien van die opgawe getref is.

(4) ’n Bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus moet in die voorgeskrewe formaat wees en ten minste insluit—

(a) die oorspronklike datum van uitreiking van die bevestiging van belastingnakomingstatus aan die belastingpligtige;

(b) die naam, belastingpligtige-verwysingsnommer en identiteitsnommer of maatskappyregistrasienommer van die belastingpligtige;

(c) die datum van die bevestiging van die belastingnakomingstatus van die belastingpligtige aan ’n staatsorgaan of ’n persoon in subartikel (5) bedoel; en

(d) a confirmation of the tax compliance status of the taxpayer as at the date referred to in paragraph (c).

(5) Despite the provisions of Chapter 6, SARS may confirm the taxpayer's tax compliance status as at the date of a request by—

(a) an organ of state; or

(b) a person to whom the taxpayer has presented the tax compliance status confirmation.

(6) SARS may alter the taxpayer's tax compliance status to non-compliant if the confirmation—

(a) was issued in error; or

(b) was obtained on the basis of fraud, misrepresentation or non-disclosure of material facts,

and SARS has given the taxpayer prior notice and an opportunity to respond to the allegations of at least 14 days prior to the alteration.

(7) A taxpayer's tax compliance status will be indicated as non-compliant by SARS for the period commencing on the date that the taxpayer no longer complies with a requirement under subsection (3) and ending on the date that the taxpayer remedies the non-compliance.".

(2) Subsection (1) comes into operation on the date of promulgation of this Act.

Amendment of section 270 of Act 28 of 2011, as amended by section 86 of Act 39 of 2013

65. Section 270 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (6D) for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs, respectively:

“(a) the Income Tax Act, excluding returns required under the Fourth Schedule to that Act, a senior SARS official must, in considering the objection, reduce the penalty in whole or in part if satisfied that there were extenuating circumstances; or

(b) the Value-Added Tax Act or the Fourth Schedule to the Income Tax Act, a senior SARS official must reduce the penalty in whole if the penalty was imposed under circumstances other than the circumstances referred to in item (v) of the understatement penalty table in section 223(1).”; and

(b) by the deletion of subsection (8).

Repeal of section 11 of Act 21 of 2012

66. (1) Section 11 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2012, is hereby repealed.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 30 June 2013.

Amendment of section 26 of Act 21 of 2012

67. Section 26 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2012, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Subsection [(1)](1)(a) is deemed to have come into operation on 1 March 2014 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.”.

Amendment of section 8 of Act 39 of 2013

68. Section 8 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2013, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Paragraph (a) of subsection (1) comes into operation on 1 March **[2015]** 2016 and applies in respect of amounts contributed on or after that date.”.

- (d) 'n bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus soos op die datum in paragraaf (c) bedoel.
- (5) Ondanks die bepalings van Hoofstuk 6 kan SAID die belastingpligtige se belastingnakomingstatus bevestig soos op die datum van 'n versoek deur— 5
- (a) 'n staatsorgaan; of
- (b) 'n persoon aan wie die belastingpligtige die bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus voorgelê het.
- (6) SAID kan die belastingpligtige se belastingnakomingstatus na nie-nakomend verander indien die bevestiging— 10
- (a) foutiewelik uitgereik is; of
- (b) op die grondslag van bedrog, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking van wesenlike feite verkry is,
- en SAID die belastingpligtige vooraf kennisgewing en 'n geleentheid om op die aantygings te antwoord, van minstens 14 dae voor die verandering gegee het. 15
- (7) 'n Belastingpligtige se belastingnakomingstatus sal deur SAID as nie-nakomend aangedui word vir die tydperk wat begin op die datum wat die belastingpligtige nie langer aan die vereistes onder subartikel (3) voldoen nie, en eindig op die datum wat die belastingpligtige die 20 nie-nakoming regstel.”.
- (2) Subartikel (1) tree op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking.

Wysiging van artikel 270 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 86 van Wet 39 van 2013

65. Artikel 270 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig— 25
- (a) deur in subartikel (6D) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:
- “(a) die Inkomstebelastingwet, behalwe opgewes vereis kragtens die Vierde Bylae by daardie Wet, moet 'n senior SAID-amptenaar, in die oorweging van die beswaar, die boete in geheel of gedeeltelik 30 verminder indien tevrede dat daar versagtende omstandighede bestaan; of
- (b) die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde of die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, moet 'n senior SAID amptenaar die boete in geheel of gedeeltelik verminder indien die boete kragtens 35 omstandighede anders as die [na verwys] bedoel in item (v) van die onderstellingsboetetafel in artikel 223(1), opgelê is.”; en
- (b) deur subartikel (8) te herroep.

Herroeping van artikel 11 van Wet 21 van 2012

66. (1) Artikel 11 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2012, word 40 hierby herroep.
- (2) Subartikel (1) word geag op 30 Junie 2013 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 26 van Wet 21 van 2012

67. Artikel 26 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2012, word hierby gewysig deur in die Engelse teks subartikel (2) deur die volgende subartikel te 45 vervang:
- “(2) Subsection [(1)](1)(a) is deemed to have come into operation on 1 March 2014 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 39 van 2013

68. Artikel 8 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2013, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 50
- “(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) tree op 1 Maart [2015] 2016 in werking en is van toepassing [of] op bedrae op of na daardie datum bygedra.”.

Amendment of section 1 of Act 30 of 2014

69. Section 1 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the definition of “port or place of export” of the following paragraph:

“(a) where the goods are **[packed into containers, or if not containerised,]** 5
loaded on board a vessel, aircraft, railway carriage or vehicle[,], in which the
goods will be transported across the border of that country to the Republic;”.

Amendment of section 88 of Act 30 of 2014

70. Section 88 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1)(a) for subparagraph (iii) of the following subparagraph: 10

“(iii) an origin determination or origin re-determination referred to in section 156(2); or”.

Amendment of section 201 of Act 30 of 2014

71. Section 201 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by—
(a) the substitution in subsection (2) for the Table of the following Table: 15

“FIXED AMOUNT PENALTIES

Category of breach	Amount of penalty
Category A	Maximum of R2 500
Category B	R5 000
Category C	R7 500
Category D	R10 000”

20

; and

(b) the addition of the following subsection:

“(4) No fixed amount penalty may be imposed in terms of this section 25
for a breach consisting of a failure to submit to the customs authority full
or accurate information, other than information that may result in
revenue prejudice, if the breach was committed inadvertently and in
good faith.”.

Amendment of section 202 of Act 30 of 2014

30

72. Section 202 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The customs authority may for a Category A breach referred to in
the Table in section 201(2) consisting of a failure to submit to the customs authority
full or accurate information other than information that may result in revenue 35
prejudice, impose in terms of subsection (1) a fixed amount penalty for the breach
only after it has issued a warning for the same or a similar type of breach to the
person who committed the breach.”.

Substitution of section 221 of Act 30 of 2014

73. The following section is hereby substituted for section 221 of the Customs Duty 40
Act, 2014:

“Admissibility of certain statements in documents

221. In any criminal or civil proceedings arising from the **[application]**
implementation or enforcement of this Act, any statement in any record,
letter or other document submitted, kept or received by or on behalf of any 45
person to the effect that goods of a particular price, value (including any
commission, discount, cost, charge, expense, royalty, freight, tax, draw-
back, refund, rebate or other information which relates to such goods and
has a bearing on such price or value), quantity, quality, nature, strength or

Wysiging van artikel 1 van Wet 30 van 2014

69. Artikel 1 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) van die omskrywing van “hawe of plek van uitvoer” deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) waar die goedere **[in houters gepak word, of indien dit nie behouer word nie, waar die goedere]** op ’n vaartuig, vliegtuig, spoorwegwa of voertuig gelaai word waarmee dit oor die grens van daardie land na die Republiek vervoer sal word;”.

Wysiging van artikel 88 van Wet 30 van 2014

70. Artikel 88 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1)(a) subparagraaf (iii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(iii) ’n oorsprongbepaling of oorsprongherbepaling bedoel in artikel 156(2) doen; of”.

Wysiging van artikel 201 van Wet 30 van 2014

71. Artikel 201 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur—
(a) in subartikel (2) die Tabel deur die volgende Tabel te vervang:

“VASTEBEDRAGBOETES

Kategorie breuk	Bedrag van boete
Kategorie A	Maksimum van R2 500
Kategorie B	R5 000
Kategorie C	R7 500
Kategorie D	R10 000”

; en

(b) die volgende subartikel by te voeg:

“(4) Geen vastebedragboete mag ingevolge hierdie artikel vir ’n breuk opgelê word wat bestaan uit ’n versuim om volledige en juiste inligting, uitgesonderd inligting wat inkomstebenaadeling tot gevolg mag hê, aan die doeanegesag voor te lê nie indien die breuk per abuis en te goedertrou begaan is.”.

Wysiging van artikel 202 van Wet 30 van 2014

72. Artikel 202 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die doeanegesag kan vir ’n Kategorie A breuk bedoel in die Tabel in artikel 201(2) wat bestaan uit ’n versuim om volledige en juiste inligting, uitgesonderd inligting wat inkomstebenaadeling tot gevolg kan hê, aan die doeanegesag voor te lê, ’n vastebedragboete ingevolge subartikel (1) vir die breuk oplê slegs nadat dit ’n waarskuwing vir dieselfde of ’n soortgelyke tipe breuk aan die persoon wat die breuk begaan het, uitgereik het.”.

Vervanging van artikel 221 van Wet 30 van 2014

73. Artikel 221 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toelaatbaarheid van sekere bewerings in dokumente

221. In enige strafregtelike of siviele verrigtinge wat uit die implementering of toepassing van hierdie Wet ontstaan, is enige bewering in enige rekord, brief of ander dokument wat deur of namens iemand ingedien, voorgelê, gehou of ontvang is, met die strekking dat goedere van ’n bepaalde prys, waarde (met inbegrip van enige kommissie, afslag, onkoste, fooi, uitgawe, tantième, vragprys, belasting, teruggawe, terugbetaling, korting of ander inligting betreffende sodanige goedere en op

other characteristic have been produced, imported, exported, ordered, supplied, purchased, sold, dealt with, processed, traded in or held in stock by that person, is admissible as evidence that that person has produced, imported, exported, ordered, supplied, purchased, sold, dealt with, processed, traded in or held in stock goods of that price, value, quantity, quality, nature, strength or other characteristic.”. 5

Amendment of section 177 of Act 31 of 2014

74. Section 177 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(5) Subsection (4) only applies if a change referred to in paragraph (a) of that subsection, or any refund, amount, discount, commission, credit or debit referred to in paragraph (b) of that subsection, affects any information included in the clearance declaration submitted in respect of the goods to which the invoice relates.”.

15

Amendment of section 178 of Act 31 of 2014

75. Section 178 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (5) for paragraph (a) of the following paragraph:

- “(a) notify the customs authority of—
- (i) any amendment to an invoice that affects any information included in the clearance declaration submitted in respect of the goods to which the invoice relates; or
 - (ii) the receipt of such an amended invoice or a debit or credit note; and”.

Amendment of section 241 of Act 31 of 2014

76. Section 241 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsections: 25

“(2) This Chapter applies to the transfer of imported goods **[at a customs seaport or airport]**—

- (a) from one foreign-going vessel or aircraft to another foreign-going vessel or aircraft at the same customs seaport or airport; or
- (b) from one foreign-going vessel at a customs seaport to another foreign-going vessel at another customs seaport served by the same Customs Office.

(3) Any reference in this Act to a customs seaport where a transshipment operation is carried out must, where subsection (2)(b) applies, be read as referring to both customs seaports as contemplated in that subsection.”. 35

Amendment of section 242 of Act 31 of 2014

77. Section 242 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

- “(a) to be transferred **[at a customs seaport or airport]**—
- (i) from the foreign-going vessel **[or aircraft]** on which those goods were imported to another foreign-going vessel **[or aircraft at that seaport or airport]** on which those goods are to be exported from the Republic, whether the exporting vessel is docked at the same customs seaport as the importing vessel or at another customs seaport served by the same Customs Office; or
 - (ii) at the same customs airport from the foreign-going aircraft on which those goods were imported to another foreign-going aircraft on which those goods are to be exported from the Republic; and”.

sodanige prys of waarde betrekking het), hoeveelheid, kwaliteit, aard, sterkte of ander eienskap deur so iemand geproduseer, ingevoer, uitgevoer, bestel, verskaf, gekoop, verkoop, mee gehandel, geprosesseer, verhandel of in voorraad gehou is, as getuienis toelaatbaar dat daardie persoon goedere van daardie prys, waarde, hoeveelheid, kwaliteit, aard, sterkte of ander eienskap geproduseer, ingevoer, uitgevoer, bestel, verskaf, gekoop, verkoop, mee gehandel, geprosesseer, verhandel of in [**voorraad**] voorraad gehou het.”.

Wysiging van artikel 177 van Wet 31 van 2014

74. Artikel 177 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(5) Subartikel (4) is slegs van toepassing indien ’n verandering bedoel in paragraaf (a) van daardie subartikel, of enige terugbetaling, bedrag, afslag, kommissie, krediet of debiet bedoel in paragraaf (b) van daardie subartikel, enige inligting raak wat ingesluit is by die klaringsbrief ingedien ten opsigte van die goedere waarop die faktuur betrekking het.”.

Wysiging van artikel 178 van Wet 31 van 2014

75. Artikel 178 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (5) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) die doeanebeslag in kennis stel van—
(i) enige wysiging aan ’n faktuur wat enige inligting raak wat ingesluit is by die klaringsbrief ingedien ten opsigte van die goedere waarop die faktuur betrekking het; of
(ii) die ontvangs van so ’n gewysigde faktuur of ’n debiet- of kredietnota; en”.

Wysiging van artikel 241 van Wet 31 van 2014

76. Artikel 241 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:

“(2) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op die oorplasing van ingevoerde goedere [**by ’n doeane-seehawe of -lughawe**]
(a) van een land-uitgaande vaartuig of vliegtuig na ’n ander land-uitgaande vaartuig of vliegtuig by dieselfde doeane-seehawe of -lughawe; of
(b) van een land-uitgaande vaartuig by ’n doeane-seehawe na ’n ander land-uitgaande vaartuig by ’n ander doeane-seehawe wat deur dieselfde Doeane-kantoor bedien word.
(3) Enige verwysing in hierdie Wet na ’n doeane-seehawe waar ’n transverseskepingsopeerasie uitgevoer word, moet, waar subartikel (2)(b) van toepassing is, uitgelê word as ’n verwysing na beide doeane-seehawens soos in daardie subartikel beoog.”.

Wysiging van artikel 242 van Wet 31 van 2014

77. Artikel 242 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) [**by ’n doeane-seehawe of -lughawe**] oorgeplaas mag word—
(i) van die land-uitgaande vaartuig [**of vliegtuig**] waarop daardie goedere ingevoer is na ’n ander land-uitgaande vaartuig [**of vliegtuig by daardie seehawe of lughawe**] waarop daardie goedere uit die Republiek uitgevoer sal word, ongeag of die uitvoerende vaartuig by dieselfde doeane-seehawe as die invoerende vaartuig vasgemeer is of by ’n ander doeane-seehawe wat deur dieselfde Doeane-kantoor bedien word; of
(ii) by dieselfde doeane-lughawe van die land-uitgaande vliegtuig waarop daardie goedere ingevoer is na ’n ander land-uitgaande vliegtuig waarop daardie goedere uit die Republiek uitgevoer gaan word; en”.

Amendment of section 634 of Act 31 of 2014

78. Section 634 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) Subsection (2) does not apply to—

- | | |
|---|----------|
| <p>(a) the licensee of inward or home use processing premises importing goods for inward or home use processing on those premises; or</p> <p>(b) the licensee of inward processing premises exporting inward processed compensating products obtained from the inward processing of goods on <u>those premises</u>.”.</p> | <p>5</p> |
|---|----------|

Short title and commencement

10

79. (1) This Act is called the Tax Administration Laws Amendment Act, 2014.

(2) Save in so far as is otherwise provided for in this Act, amendments to the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), are deemed to have come into operation on 1 October 2012.

(3) The amendments to the Customs Duty Act, 2014, and the Customs Control Act, 2014, come into operation on the date on which the Customs Control Act, 2014, takes effect.

15

(4) Subject to subsections (2) and (3), and save in so far as is otherwise provided for in this Act or the context otherwise indicates, the amendments effected by this Act come into operation on the date of promulgation of this Act.

20

Wysiging van artikel 634 van Wet 31 van 2014

78. Artikel 634 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

“(2A) Subartikel (2) is nie van toepassing nie op—

- | | | |
|-----|--|----|
| (a) | die lisensiehouer van 'n inwaartse prosesseringsperseel of binnelandse gebruikprosesseringsperseel wat goedere vir inwaartse prosessering of binnelandse gebruikprosessering op daardie perseel invoer; of | 5 |
| (b) | die lisensiehouer van 'n inwaartse prosesseringsperseel wat inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte wat verkry word van die inwaartse prosessering van goedere op daardie perseel, uitvoer.”. | 10 |

Kort titel en inwerkingtreëding

79. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2014.

(2) Tensy hierdie Wet anders bepaal, word wysigings tot die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011), geag op 1 Oktober 2012 in werking te getree het. 15

(3) Die wysigings aan die Wet op Doeanereg, 2014, en die Wet op Doeanebeheer, 2014, tree in werking op die datum waarop die Wet op Doeanebeheer, 2014, in werking tree.

(4) Behoudens subartikels (2) en (3), en tensy hierdie Wet anders bepaal of dit uit die samehang anders blyk, tree die wysigings wat deur hierdie Wet aangebring word op die datum van promulgering van hierdie Wet in werking. 20